Publication: Sake (Rapport)
Date: 03 Apr 2016
Page: 3

# Belastingnet trek al nouer om trusts

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Ek wil vandag stilstaan by van die belastingrisiko's met trusts. Dis iets waarteen ek al by herhaling in hierdie rubriek probeer waarsku het.

Sedert Vrydag geld nuwe reëls vir die aanslaan van boedelbelasting waar trusts ter sake is. Dis weliswaar onverwags en onaangekondig, maar dit verbaas nie. Daar was al aanduidings van ander stappe in die begrotingsredes van 2013 en 2016 wat duidelik bedoel is om die grootskaalse belastingspeletjies met trusts - hetsy weens oneerlikheid of onnoselheid - vas te vat.

Sedert Vrydag sal die aanslag vir boedelbelasting deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) self behartig word. Tot nou toe is hierdie taak aan die onderskeie meesterskantore landwyd gedelegeer. Na my mening is dit 'n belangrike stap in die regte rigting om die misbruik van trusts om belasting te ontduik, hok te slaan.

Nie dat die meesterskantore hul plig versuim nie. Baie kere was die eksekuteurs van sulke boedels self betrokke by die oordra van bates na trusts juis om op boedelbelasting te bespaar. Om dit in perspektief te plaas: Die SAID beskik oor jare se belastingaanslae en byvoorbeeld leningsrekenings van die trustoprigter, asook verslae van die soms gewaande uitkeer van trustgeld aan begunstigdes om krities te kan oordeel.

Ek sou aanbeveel dat Jan Taks dit 'n stap verder voer en ook die trustaktes self ontleed met die oog op 'n toepassing van art. 3(3)(d) van die Boedelbelastingwet (wet 45 van 1955) wat lui dat (trust)bates waaroor 'n oorledene kort voor sy dood tot sy voordeel of die voordeel van sy boedel beheer gehad het, ook in die boedelbelastingnet ingetrek kan word.

Ek sien net te veel belastingfoefies met trusts om te dink dat dit nie op groot skaal plaasvind nie.

In die 2013-begroting, wat ook weerklank gevind het in die interimverslag van die Davis-kommissie oor boedelbelasting, is genoem dat art. 25B van die Inkomstebelastingwet (wet 58 van 1962), wat die sogenaamde deurvloeibeginsel daarstel, geskrap moet word. Dit is my inligting dat hiervan afgesien is.

> **Die gebruik van trusts is nie 'n sonde nie. Maar dit kan wangebruik word en dis wat Jan Taks wil keer.**

Die voorstelle in die 2016-begrotingsrede bevestig hierdie vermoede. Die fokus is nou op bates wat aan 'n trust verkoop word op 'n rentevrye leningsrekening, wat sowel geskenkebelasting as boedelbelasting vermy. Wat beoog word, is om alle bates wat deur middel van 'n rentevrye lening aan die trust oorgedra word, in te sluit vir boedelbelasting by die dood van die trustoprigter en om rentevrye lenings aan trusts as skenkings te kategoriseer.

Dink ek trusts as 'n meganisme vir doeltreffende boedelbeplanning is gedoem? Allermins, nee. Wees net verdomp eerlik. Boedelbeplanning is nie 'n sonde nie. Om jou bates belastingvoordelig te struktureer, is nie 'n sonde nie - dit is noodsaaklik as jy ernstig is oor jou geld en die versorging van jou naasbestaandes.

Die gebruik van trusts is ook nie 'n sonde nie. Dit bied beskerming van bates vir die versorging van naasbestaandes. Maar dit kan wangebruik word en dis wat Jan Taks wil keer. En ek dink dit is reg.

Dat Jan Taks die skroewe met die gebruik (misbruik?) van trusts stewig aandraai, is nie altemit nie. Daar wag 'n paar onaangename verrassings vir die oprigters en trustees van familietrusts wat nie die eerlike pad met Jan Taks loop of geloop het nie.

■ *Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is die besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.*

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission